

# VRAAGWOORDE IN DIE EKSAMEN

*Samgestelde deur Peu Publishing*

# LETTERLIKE VRAE:

*Vrae oor inligting wat duidelik/opvallend in die teks/uittreksel voorkom.*

# BENOEM DIE BEELDSPRAAK/STYLFIGUUR ...

- Skryf slegs die spesifieke beeldspraak/stylfiguur neer.

# VERSKAF/GEE DIE REDES VIR …

- Skryf slegs die inligting neer sonder om dit te bespreek of kommentaar daaroor te lewer.

# VERSKAF/GEE TWEE REDES WAAROM ...

- Skryf net twee redes as antwoorde neer.

# BESKRYF DIE DIGTER/SPREKER SE ...

- Vertel in jou eie woorde die digter/spreker se...

# HERORGANISERING:

*Vrae wat van jou verwag om inligting wat in die teks voorkom, op 'n ander manier te organiseer/aan te bied as wat dit in die teks staan.*

# GROEPEER DIE OOREENSTEMMENDE EIENSKAPPE VAN…

- Skryf dieselfde eienskappe bymekaar/saam.

# GEE ’N OORSIG VAN …

- Bespreek kortliks of in breë trekke.

# GEE DIE VERSKILLE/OOREENKOMSTE

- Noem die verskille/ooreenkomste deur beide kante te vergelyk. Bepreek die ooreenkomste (dit wat dieselfde is) en verskille (dit wat nie dieselfde is nie) tussen die twee kante.

# AFLEIDING:

*Vrae wat van jou verwag om die teks te interpreteer met inligting tot jou beskikking wat nie eksplisiet in die gedig voorkom nie.*

# WAT WIL DIE DIGTER/SPREKER BEREIK DEUR …

- Die digter/spreker wil die leser se aandag trek deur …

# WAT DINK JY SAL GEBEUR INDIEN ...

- Hier moet jy 'n moontlike afleiding maak wat deur die inhoud van die gedig ondersteun word.

# AFLEIDING:

*Vrae wat van jou verwag om die teks te interpreteer met inligting tot jou beskikking wat nie eksplisiet in die gedig voorkom nie.*

# WAT WIL DIE DIGTER/SPREKER BEREIK DEUR …

- Die digter/spreker wil die leser se aandag trek deur …

# WAT DINK JY SAL GEBEUR INDIEN …

- Hier moet jy ’n moontlike afleiding maak wat deur die inhoud van die gedig ondersteun word.

# EVALUERING:

*Vrae wat van jou verwag om 'n oordeel te vel wat gebaseer is op die kennis tot jou beskikking of hoe goed jy die gedig verstaan. Jy moet jou mening uitspreek oor waardes/houdings en sê waarom dit jou oortuig of nie.*

# BESPREEK JOU STANDPUNT IN VERBAND MET:

- Dink aan jou eie normes en waardes en kom tot ’n gevolgtrekking.

# STEM JY SAAM MET …?

- Dink aan jou eie normes en waardes en kom tot ’n gevolgtrekking.

# IS DIE OPTREDE/REAKSIE GELOOFWAARDIG/AANVAAR?

- Dink aan jou eie normes en waardes en kom tot ’n gevolgtrekking.

# STEM JY SAAM MET DIE SIENING VAN ...? GEE 'N REDE VIR JOU ANTWOORD.

- Begin hierdie soort antwoorde altyd eers met 'n JA/NEE. Jy MOET elke keer 'n rede vir jou antwoord gee om die punt te verdien.
- Onthou ook dat jou antwoorde op hierdie vrae elke keer na die spesifieke gedig moet terugverwys. Jou motivering moet egter sinvol wees en by die JA/NEE pas.

# DINK JY DIE GEBRUIK VAN ...MOTIVEER JOU ANTWOORD

- Begin hierdie soort antwoorde altyd eers met 'n JA/NEE. Jy MOET elke keer jou antwoord motiveer om die punt te verdien.

# WAARDERING:

*Vrae oor die emosionele uitwerking van die gedig op jou as leser.*

# HET JY SIMPATIE MET …? VERDUIDELIK JOU ANTWOORD.

- Daar is geen regte of verkeerde antwoorde vir hierdie vrae nie, maar jy MOET elke keer ’n rede vir jou antwoord gee.

# HET JY GEHOU VAN DIE MANIER WAAROP DIE DIGTER/SPREKER ...?

- Daar is geen regte of verkeerde antwoorde vir hierdie vrae nie, maar jy MOET elke keer 'n rede vir jou antwoord gee.

# LEWER KOMMENTAAR OOR DIE …

- Daar is geen regte of verkeerde antwoorde vir hierdie vrae nie, maar jy MOET elke keer 'n rede vir jou antwoord gee.

# WAAROM IS DIE SPREKER GELOOFWAARDIG?

- Daar is geen regte of verkeerde antwoorde vir hierdie vrae nie, maar jy MOET elke keer ’n rede vir jou antwoord gee.